

“Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het.” Romeine 8:37



Vryheid in Christus

GROND PRYSGEFEEDE VAN HERWINNING

DIE WAPENRUSTING VAN GOD

“Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van Sy sterkte. Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duivel. Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bese geeste in die lug. Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly. Staand dan vas, julle lendene met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan, en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die Evangelie van vrede. Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die bese sal kan uitblus. En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees — dit is die Woord van God – terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges.” Efesiërs 6:10-18

VRYGEMAAK OM CHRISTUS TE DIEN

Verneder jouself voor God (Jakobus 4:6). Erken jou behoefte aan die genade van God, aan Sy Goddelike mag en leiding.

Onderwerp jou aan God. (Jakobus 4:7) Verseker jou liggaam is opgedra vir die verheerliking van God (1 Korintiërs 6:19-20), jou verstand toegewy om Sy gedagtes te bedink (Filippense 4:8), jou gevoelens om Hom lief te hê (Matthéüs 22:37) en jou energie tot God se diens en nie tot mense nie (Efesiërs 6:6-7).

Wees aktief daarin om die duivel te weerstaan (Jakobus 4:7) in die Naam van Jesus (Filippense 2:9-11). Oorwin satan deur die Bloed van die Lam en deur die Woord van jou getuigenis (Openbaring 12:11). Gebruik die Woord van God, en gebed, as teenaanval (Efesiërs 6:18-20). Nader tot God (Jakobus 4:8). **“Was jou**

hande,” terwyl jy vergifnis vra vir elke aantasting van God se norme. **“Reinig julle harte,”** keer terug na die wedren en vestig jou op Jesus, op Wie jou geloof afhang, van die begin tot die einde (Hebreërs 12:1-1). Herwin al die prysgegewe grond en geniet volle vryheid in Christus Jesus, ons Here.

Hier is 'n voorgestelde gebed wat jou kan help as jy met jou hele hart van sonde afsien en al jou vertrouwe net in Christus plaas:

Hemelse Vader, ek kom na U toe in die Naam van ons Here Jesus Christus, omdat ek begeer om vry van alle bande en sonde te wees. Dankie dat U vir my sonde aan die Kruis gesterf het, vir U barmhartigheid en genade, en dat U my skoon gewas het van al my sonde. Ek het berou oor my sonde en ek bid, Here God, dat U my sal was en my sal reinig en my van al die gevolge van my ongeregtighede en opstandigheid sal bevry.

Ek bely en het berou oor al my sondes, bekend en onbekend. Ek bely en verwerp die sondes van my voorvaders. In die Naam van ons Here Jesus Christus en die krag van Sy vergote Bloed aan die Kruis op Golgota, verbreek en sweer ek die krag van elke duiwelse vloek van my af, wat oor my gekom het deur my eie sondes en ook die sondes van ander.

In die Naam van ons Here Jesus Christus verwerp, verbreek en maak ek myself en my gesin los van alle demoniese onderwerping en slawerny. Ek verklaar bevryding deur die Bloed van Jesus Christus, my Here en Redder. Mag U, deur U Genade, my seën en my gebruik en instaatstel om U getrou te dien tot U eer en verheerliking, en vir die uitbreiding van U Koninkryk.

Amen



dr. Peter Hammond
FRONTLINE FELLOWSHIP
Posbus 74 Nuweland 7725
Kaapstad Suid-Afrika
021 689 4480
mission@frontline.org.za
www.FrontlineMissionSA.org



“Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie; want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp.” 2 Korintiërs 10:3-4

Ons is as Christene in 'n fel geestelike oorlog gewikkel.

“Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duivel, loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind.” 1 Petrus 5:8

Die duivel is 'n listige vyand wat die Godsvolk al euelank in die versoeking lei, en slagysters en lokvalle in ons pad opstel om ons aandag af te trek, ons te laat afdwaal, te ontmoedig en te verslaan. Die duivel ken ons swakhede, of dit nou trotsheid, gierigheid en begeerte, onsedelikheid of swakheid of verbittering is. As ons nie die sonde oorkom en ons swak plekke versterk nie, sal ons deurlopend geestelike nederlaag ervaar.

As ons ons sonde koester en voed, gee ons aan die duivel vatplek in ons lewe. En as ons eenmaal lewensgrond aan hom prysgegee het, is dit lewensbelangrik om te leer hoe om verlore grond te herwin, hoe om die volle geestelike Wapenrusting van God aan te trek sodat ons die verleier kan weerstaan. Die wapens wat God ons gee is in staat om satan se vestings te vernietig en met geloofsvestings te vervang.

“Word toornig en moenie sondig nie; laat die son nie ondergaan oor julle toorn nie; en gee aan die duivel geen plek nie.” Efesiërs 4:26-27

As ons enige erkende sonde laat ontwikkel, gee ons satan geleentheid om 'n vastrapplek, 'n afspringplek in ons lewe te kry. Satan sal dan hierdie geleentheid gebruik om ander lewensterreine binne te dring en oor te neem. Dit is beslissend dat ons in die krag van die Heilige Gees die grond herwin wat ons aan die vyand prysgegee het. Die Apostel Paulus het gesê dat hy nie wil hê ons moet onbekend met satan se planne wees nie. (2 Korintiërs 2:11) Maar deesdae is die meeste Christene moedswillig onkundig oor die vyand se taktieke en strategieë.

John Bunyan sê veelseggend in sy *Pilgrim's Progress* dat Christene in 'n daaglikse stryd betrokke is.

“Want alles wat in die wêreld is — die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe — is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld.” 1 Johannes 2:16

Satan se plan is om te steel, te dood en te verwoes. **“Ons weet dat ons uit God is en die hele wêreld in die mag van die bese lê.”** 1 Johannes 5:19

VOLSKAALSE OORLOG

Die vyand het nie net talle tot slawerny verlei deur valse godsdienste, sondige gewoontes en verslaafdhede nie, hy voer volskaals oorlog teen die magte van Jesus Christus. Satan rig hom daarop om die Kerk te ondergrawe en die Goddelike reddingsopdrag wat aan die Kerk toevertrou is, te verydel. Net soos ons Here Jesus Christus aan die redding van verlore manne en vroue toegewy is (Lukas 19:10), net so is satan daaraan toegewy om elkeen in hierdie twistende wêreld te verdoem en te vernietig.

Net soos dit God se wil is dat die Kerk die kosbare lewegewende Bybel, Sy Woord, na alle volke oral toe moet neem, net so wil

satan dit verhoed. Net soos Jesus alle Christene beveel het om 'n lig in hierdie wêreld te wees en sodoende die liefde van God na hulle uit te straal wat in die sondeduisternis vasgevang is, so ook probeer die vyand deurlopend om daardie inwerking te verdof, weg te keer of te vernietig.

Die enigste hoop vir hierdie verlore wêreld is die Goeie Nuus van Jesus Christus, en God het hierdie boodskap aan die Kerk opgedra. God se wil is dat Christene Sy vryheidsvegters in hierdie sondeverslaafde wêreld moet wees. As God se vryheidsvegters moet Christene satan se magte ondermyn, insluitende die valse geloofskultusse en sektes, Kommunisme en die okkultisme. Die hele Kerk moet in hierdie vrymakingsoorlog betrokke raak om die hele wêreld van die duivel se bedrieglikhede en valstrikke van satan te bevry.

Die enigste rede waarom die duivel so dikwels wen, is oor die Kerk so selde veg!

“Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duivel, en hy sal van julle wegvlug.” Jakobus 4:7. As die duivel nie van ons af wegvlug nie, beteken dit dat ons óf nie ons aan God onderwerp nie, óf ons weerstaan nie die duivel nie, óf albei.

“Hy wat in julle is, is groter as hy wat in die wêreld is.”

1 Johannes 4:4

“Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het.” Romeine 8:37

Nogtans verkies die meeste mense in die Kerk om eerder na hulle barakke terug te val en strydlidere te sing, in plaas daarvan om ons Bevelvoerder tot op die slagveld te volg. Ons verkondig hoe wonderlik ons wapens is, maar hulle word selde gebruik. Ons prys ons Bevelvoerder, maar gehoorsaam Hom nie. Ons weet Hy beveel ons om aan te val, maar ons verkies om te hergroepeer. Hy lei ons die geveg in, maar ons bly tuis en kyk TV, lees romans, kuier of speel videospelletjies.

Die vyand het talle mense die hinderlaag van trots in gekul en duisende het die landmyne van begeerte afgetrap. Ander is deur die kritiekbombardement ontmoedig, en baie het voor die gifgas van skinder teruggeval. Fopmyne van bitterheid het die vitterige weifelaars verlam terwyl die wat agter hulle eenhede aan gestrompel het, moes uitvind dat die verleidinge van die wêreld hulle gevang het. Propaganda het sommige laat oorgee aan die leer van ongelooft.

Ons bevind ons in 'n geestelike wêreldoorlog en die geveg gaan daarom om die Evangelie aan die miljoene te verkondig wat onder kommunistiese verdrukking leef, om Bybels na diegene te smokkel wat onder ernstige vervolging leef, om die lewens te red van die miljoene wat in sataniese misleiding vasgevang is, en valse godsdienstige kultusse en sektes, om die dwelmverslaafdes te bevry en die alkoholiste te verlos. Die Kerk moet elkeen in hierdie nooddrufte wêreld bereik met die liefde en vryheid wat daar in Jesus Christus te vinde is. En ons hoofteikens moet die skynbaar onindringbare Kommunistiese en Moslemterreine insluit. Hierdie vestings moet ten alle koste vir Christus bereik word.

“Want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp, terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus.” 2 Korintiërs 10:4-5

Maar om dit te doen moet ons vry wees. Efesiërs 4:27 waarsku: *“en gee aan die duiwel geen plek nie”*, wat met die Statenbijbel en die Elberfelder Bybel ooreenstem. Die NAV praat van *“vatkans”* wat met *“foothold”* in die New English Version ooreenstem.

DIE AFWAARTSE SPIRAAL VAN SONDE

As satan eers 'n vatplek in iemand se lewe gekry het, kan hy 'n sondedaad neem en dit verander in 'n vaste sondelewe. Van daaraf kan dit in 'n gewoonte ontaard wat die mens in slawerny laat verval. Spreuke 5:22 waarsku: *“Sy eie ongeregtighede vang hom, die goddelose, en in die vangstrikke van sy sonde word hy vasgehou.”*

'n Alkoholis kondig tog nie aan: *“Ek beplan om my lewe te verwoes, sowel as my familie deur van nou af elke dag soveel alkohol te drink as wat ek kan!”* Nee. Dit begin maar met net een drankie, dan twee, dan 'n derde... Die afwaartse spiraal word van die eerste daad af aanskou, na gereelde doen na gewoonte en na verslawing kan aanskou word. Die raadgewende sielkundiges praat graag van *“verslaafdheid”*. Dit veronderstel dat ons magtelose slagoffers is van ons probleem. God noem dit sonde. *“En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak... Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat die sonde doen, 'n dienskneg van die sonde is... As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees.”* Johannes 8:32-36

STAPPE TOT BEVRYDING

1. Die eerste tree na ware vryheid in Christus is hartgrondige berou oor sonde. *“Want die droefheid volgens die wil van God werk 'n onberoulike bekering tot redding, maar die droefheid van die wêreld werk die dood.”* 2 Korintiërs 7:10

“En dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en geen duisternis is in Hom nie. As ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en in die duisternis wandel, dan lieg ons en doen nie die waarheid nie. Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde. As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onself en die waarheid is nie in ons nie. As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.”

1 Johannes 1:5-9

Ons is immers nie net slagoffers van satan wat bevry wil word nie, ons is skuldige sondaars wat vergifnis nodig het.

2. Die tweede tree na vryheid in Christus is om die grond te herwin wat ons aan die vyand oorgegee het. As ons aan satan 'n sleutel of 'n vastrapplek in ons lewe gegee het deur bitterheid, onvergewendheid, trots, onsedelikheid, afgodery of opstandigheid, moet ons die vyand in die Naam van ons Here Jesus Christus beveel om te loop. Satan is 'n leuenaar en bedrieër (Johannes 8:44), hy is die beskuldiger van die broeders. Jesus is die Weg, die Waarheid en die Lewe (Johannes 14:6). Dit is die waarheid wat ons vrymaak. Ons moet ons gemoed hernuwe

(Romeine 12:2), nadink oor *“alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is — watter deug en watter lof daar ook mag wees”* (Filippense 4:8). Ons moet satan se vestings in ons lewe vernietig (2 Korintiërs 10:4). Insteede daarvan moet ons torings van waarheid bou, ons verstand weer op die lewegewende en bevrydende Woord van God instel. Ons moet elke gedagte aan gehoorsaamheid aan Christus vasmaak sodat ons gedagtes en lewe met die Woord van God en die Wil van God ooreenstem.

DIE OKKULT

Die Wet van God verbied ons om aandag te gee aan *“die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê nie. Soek hulle nie om julle deur hulle te verontreinig nie. Ek is die Here julle God.”* Levitikus 19:31. *“As jy kom in die land wat die Here jou God jou sal gee, moet jy nie leer om volgens die gruwels van daardie nasies te doen nie. Daar mag niemand by jou gevind word wat sy seun of sy dogter deur die vuur laat deurgaen — wat met waarsêery, goëlery of met verklaring van voortekens of towery omgaan nie, of wat met besweringe omgaan, of wat 'n gees van 'n afgestorwene vra of 'n gees wat waarsê, of wat die dooies raadpleeg nie. Want elkeen wat hierdie dinge doen, is vir die Here 'n gruwel; en om hierdie gruwels ontwil verdryf die Here jou God hulle voor jou uit. Opreg moet jy wees met die Here jou God. Want hierdie nasies wat jy uit hulle besitting verdrywe, luister na goëlaars en waarsêers; maar wat jou aangaan, die Here jou God het jou nie so iets toegelaat nie.”* Deuteronómium 18:9-14

1. Vra God om enige en alle okkultiese bedrywigheid te openbaar wat in jou lewe plaasgevind het.
2. Verwerp magsbegeerte as sonde en verbind jou om die Heilige Gees van God te bemagtig.
3. Sien daarvan af om leiding by bose geeste te soek en verbind jou aan die leiding van die Heilige Gees.
4. Verwerp alle okkultiese gesondheidsbetrokkenheid en verbind jou tot die God wat genees.
5. Verwerp heidense gebede, gelukbringers, afgodjies en elke ding waarin jy dalk beskerming gesoek het, en verbind jou tot die beskerming van God.
6. Verwyder alle okkultiese goed uit jou tuiste. Verbrand wat verbrand kan word en breek en begrawe wat nie verbrand kan word nie (Handelinge 19:19).
7. Vra dat God alle grondgebied sal terugneem wat jy deur jou betrokkenheid in donkerte en wêreldse en okkultiese musiek aan satan laat toekom het.
8. Besluit finaal om slegs na musiek te luister wat uitdruklik Christelik is, God verheerlik en jou geestelik opbou. Verwyder en vernietig alle musiek wat God nie verheerlik nie. Musiek is een van die wapens wat die vyand gebruik om mense aan te lok in die okkulte, en die nagevolge bly by 'n persoon lank nadat die persoon selfs hul tot God bekeer het.

God het Israel beveel: *“Die gesnede beelde van hulle gode moet julle met vuur verbrand; die silwer en die goud wat daaraan is, mag jy nie begeer of vir jou neem nie, dat jy nie daardeur verstrik raak nie; want dit is vir die Here jou God 'n gruwel. En jy mag geen gruwel in jou huis inbring nie, sodat jy nie net so onder die banvloek kom nie; jy moet daar heeltemal 'n afsku van hê en dit geheel en al as gruwel beskou; want dit is onder die banvloek.”* Deuteronómium 7:25-26

Dawid het self gesê dat hy nie eers die name van fals gode op sy lippe sal neem nie (Psalm 16:4).

Om betrokke te raak by die okkulte is relatief maklik. Om daar uit te kom is baie traumaties, maar dit is absoluut noodsaaklik vir 'n persoon se geestelike gesondheid. Ons het nodig om alle okkultiese materiaal te vernietig. As jy dit verkry het, moet jy dit verbrand. (Sien Handelinge 19:19-20)

“En hulle het hom oorwin deur die Bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuïenis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie” Openbaring 12:11.

BITTERHEID

Bitterheid kan ook 'n vasvat plek vir satan wees. As daar iemand is wat jy nie vergewe het nie, dan kan dit wees dat jy 'n gees van onversoenlikheid, asook gegriefdheid koester en dit kan verdiep na bitterheid. Vra God om aan jou die mense bekend te maak teenoor wie jy bitter en verontwaardig voel. Wees ook versigtig dat jy nie bitterheid teenoor God het nie. Maak 'n lys van die name wat God aan jou bekendmaak. Begin onder aan die lys, met diegene wat makliker is om te vergewe, en werk opwaards na die moeiliker gevalle. Bekeer jou van die sonde van onvergewensgesindheid. Vergewe elke persoon hartelik. Vra God om die grond wat jy prysgegee het, deur onvergewensgesindheid, vir jou te herwin. Ons moet van ganser hart vergewe *“sodat ons nie deur die satan bedrieg sou word nie; want ons is met sy planne nie onbekend nie.”* 2 Korintiërs 2:10-11

Die apostel Paulus het gesê dat: *“Daarom oefen ek my ook om altyd voor God en die mense 'n rein gewete te hê.”* Handelinge 24:16

As iemand wat jy ken 'n lys moet maak van die mense wat hom/haar al seergemaak het, en nog nooit gevra het vir vergifnis nie, sal jy op daardie lys wees?

Maak 'n lys van al die mense wat die Here jou aan herinner, vir wie jy seergemaak het en nog nie voor om verskoning gevra het nie. Kontak daardie persone per brief of telefonies indien moontlik en wees kort en kragtig. Sê aan daardie persoon dat jy terug gekyk het na jou lewe en dat jy besef het dat jy hulle in die steek gelaat het in 'n sekere area wat God aan jou openbaar het, vra dan vir hom/haar vergifnis. Doen restitusie waar dit nodig is.

As sekere mense jou bevoordeel het, maar jy het nog geensins waardering bewys nie, doen dit so spoedig moontlik. Stuur 'Dankie' notas, of kaartjies, aan mense wat jou al geseën het, sodat jy hulle kan wys hoe God hulle gebruik het om jou aan te moedig, te versterk en uit te daag.

Vra God om jou presies te wys wat jy moet doen om alles reg te maak, om restitusie te doen, om vergifnis te vra en om verhoudinge te herstel.

OPSTANDIGHEID

Opstandigheid is nog 'n kerngebied waarop satan 'n vesting, selfs vestings, in Christene se lewens, kan bekom. *“Wederstrewigheid is 'n sonde van waarsêery, en eiesinnigheid is afgodery en beelddiens. Omdat jy die Woord van die Here verwerp het, het Hy jou as koning verwerp.”* 1 Samuel 15:23

Vra God om jou te vergewe oor jy nie agting en onderwerping teenoor (persoon se naam), wie Hy in jou lewe geplaas het, betoon het nie. Besluit vasberade voor God oor onderwerping aan die owerhede wat Hy oor jou gestel het. Of dit nou jou ouers, jou man, jou onderwysinstelling, jou roeping, jou kerk of jou werkgewer is. Vra vergifnis van daardie owerhede teen wie jy in opstand gekom het, en verseker hulle van jou hernuwe toewyding aan die Here.

HOOGMOED

Hoogmoed is teenstrydig met God. In sommige gevalle is hoogmoed een van die ergste sondes wat mens kan pleeg. Hoogmoed is 'n opstandige vuis in die aangesig van die Skepper en Regeerder van die Heelal. In Spreuke 6:16-17 is hoogmoed bo-aan die lys van die sewe sondes wat God die meeste haat. Hoogmoed was satan se oorspronklike sonde wat veroorsaak het dat hy as Lucifer uit die Hemel gewerp is. *“Elke hoogmoedige van hart is vir die Here 'n gruwel; sekerlik, hy sal nie ongestraf bly nie.”* Spreuke 16:5. *“Trotsheid kom voor die verbreking, en hoogmoed kom voor die val.”* Spreuke 16:18.

Besluit elke dag om die eie-ek dood te maak en om getrou te wees aan God se Wil en doel vir jou lewe. Vra God om vergifnis vir lewensterreine in jou lewe wat jy rondom jouself gebou het en gee dit oor aan God. Vra Hom om alle grond wat jy aan satan oorgegee het terug te neem.

ONSEDELIKHEID

Seksuele gebondenheid is een van satan se belangrikste doenighede om Christene te ondermyn. Vra God om aan jou te openbaar wanneer jy die eerste keer Sy morele Wet oortree het en so begin het om satan vatplek in jou lewe te gee. Bely elke sonde wat die Here jou aan herinner en vra God om jou gemeenskap met Hom op daardie gebied te herstel. Vra God om al die grond terug te neem wat deur onsedelikheid aan die vyand uitgelewer is. Verseker dat jou liggaam opgedra word vir die verheerliking van God (1 Korintiërs 6:19-20). Wees op jou hoede vir die strikvalle en temptasies van satan en wees altyd gereed om hom te weerstaan.

